Publication: Volksblad
Date: Monday, March 15, 2021
Page: 2

# Ministers, LP's skuld staat R8 m. vir huur

**Llewellyn Prince**

Verskeie dienende en voormalige ministers, LP's en topstaatsamptenare skuld die staat gesamentlik byna R8 miljoen aan agterstallige huurgeld.

Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, het dit in 'n parlementêre antwoord bekend gemaak. Dit volg nadat Mthokozisi Nxumalo, IVP-LP, vroeër in 'n parlementêre vraag by De Lille wou weet wie aan haar departement huurgeld skuld en wat die totale bedrag is.

De Lille het in haar antwoord gesê haar departement het haar ingelig dat teen 31 Januarie vanjaar sowat R3,1 miljard aan agterstallige huurgeld aan die departement geskuld word.

Volgens haar hef die departement huurgeld vir die gebruik van staatseiendom deur ander departemente en entiteite, sowel as vir die verblyf van hooggeplaastes.

Daaronder tel die sogenaamde "prestige"-debiteure wat gesamentlik sowat R7,8 miljoen skuld. Dit is persone wat lede is van die uitvoerende gesag (ministers), LP's, direkteurs-generaal, oud-direkteurs-generaal en amptenare wat verblyf in Kaapstad en/of Pretoria vereis, sowel as ander vooraanstaande mense aan wie verblyf verskaf moet word.


**Patricia de Lille**

"Bogenoemde bedrae kan geld wat nog nie toegeken is nie of kontant wat in transito is, uitsluit."

De Lille het bygevoeg sy het die departement met die aanvang van die huidige administrasie versoek om met 'n skuldinvorderingsproses te begin.

*Sunday Times* het gister berig dat "dosyne" eisbriewe reeds aan dienende en voormalige ministers en LP's gestuur is waarin hulle gemaan word om die miljoene wat hulle gesamentlik verskuldig is, te betaal.

Luidens dié koerant is van die huidige en voormalige ministers aan wie die briewe gestuur is, Nomvula Mokonyane, die ANC se hoof van organisering, Fikile Mbalula, minister van vervoer, Bathabile Dlamini, ANC-vroueliga-president, Malusi Gigaba, voormalige minister van finansies, Buti Manamela, adjunkminister van hoër onderwys, wetenskap en tegnologie, en die ANC-LP Kebby Maphatsoe.

■ Vroeër is ook berig hoe die departement in die termyn voor De Lille s'n R175,7 miljoen in één boekjaar toegeken het vir die opknapping en instandhouding van ministeriële ampswonings in Kaapstad en Pretoria wat in die prestige-portefeulje val.

Daar is toe ook berig hoe die departement van openbare werke sowat R103 miljoen oor twee jaar bestee het om 'n woonstelkompleks met 29 woonstelle in Rosebank, Kaapstad, op te knap wat ministers, adjunkministers en direkteurs-generaal vir onderskeidelik R1 200, R988 en R75 per maand kan huur.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.